BYBELSTUDIE HEBREËRS 4:1-13.

In hierdie gedeelte beklemtoon die skrywer twee sake: in die eerste plek moet die lesers weet dat daar steeds 'n sabbatsrus vir God se volk is. In die tweede plek bly die eis van gehoorsaamheid aan die Here steeds van krag. Indien iemand ongehoorsaam is aan die Woord van die Here, kan hy/sy nie die rus ingaan nie.
In vers 1-3 van die klem op hoor en geloof. Die blote hoor van die evangelie [blye boodskap] is nie genoeg nie. Jy moet glo wat jy hoor. Natuurlik beteken dit Bybellees, Bybelstudie, eredienste bywoon ensovoorts, maar dit kan steeds beteken dat jy nie God se rus ingaan nie. Waarom nie? Omdat geloof beteken dat jy moet glo wat God in die Woord geskryf het en dit moet doen. Alleen so sal jy nie "agterbly" nie [1].
Vers 4-9 handel oor God se rus. In hierdie gedeelte bewys die skrywer dat die rus van God nie iets is wat met die skepping afgehandel is of selfs tydens die beloofde land Kanaän nie. Daar is vir God se kinders ''n verdere rus wat voorlê en dit is die ewige toekoms by die Here. Wanneer ek en Christus een word deur die geloof, begin my rus. Dan begin ek iets van God se vrede ervaar. Hierdie vrede is egter eers in die hiernamaals volmaak.
Wat God in sy Woord vra, moet jy "vandag" doen [7]. Daardie selfde dag wat God jou tot die besef bring dat jy verkeerd gedoen het, moet jy tot inkeer kom en regmaak met die Here.

1. God se rus dra verskillende betekenisse in die Bybel. Dit beteken die volgende:
   - God se rus op die sewende dag na die skepping [Gen.2:2];
   - Die belofte van die beloofde land Kanaän [Duet.12:18-12; Psalm 95];
   - Die vrede met God op grond van ons geloof in Jesus Christus [Matt.11:28];
   - Ons ewige lewe saam met Jesus Christus;

Lees nou die volgende verse, en bring elke gedeelte in verband met die rus soos bo genoem:

4:3.....

4:4.....

4:6,7.....

4:8-11.....

4:11.....

2. Waarom het die mense van Israel nie in God se rus ingegaan nie [2]?

.....

3. Wat is die verband tussen God se rus op die sewende dag en ons rus [4-11]?

.....

.....

.....

4. Wat moet “vandag” gebeur sodat ons die rus kan ingaan [7]

.....

5. Wat is die duidelikste bewys in jou lewe dat jy reeds God se rus ingegaan het?

.....

.....

6. Die fees-aspek van 'n Sondag word in Hebreërs 4 beklemtoon. Dit is immers God se samesyn met sy mense tydens die erediens. Moet die blye feestelike karakter met ons dienste verbeter? Wat dink jy sou help om ons Sondag in 'n feesdag te omskep?

.....

.....

.....

LEES vers 12 en 13.

7. In vers 12 word vier belangrike eienskappe van God se Woord genoem. Kyk of u dit kan vind.

.....

.....

.....

8. Wat beteken dit om aan God rekenskap te gee?

.....

9. *Populêre predikante verkondig nie die snykant van die Woord in hulle preke nie!* Wat sê u van hierdie stelling?

.....

.....

Aantekeninge volg op bladsy 3:

AANTEKENINGE HEBREËRS 4:1-13.

1. 4.3 Die belofte van die beloofde land Kanaän.
   4:4 God se rus op die sewende dag.
   4:6,7 Die land Kanaän en die rus in Jesus Christus deur die geloof.
   4:11 Ons ewige lewe saam met Jesus Christus.
2. Hulle het nie geglo wat hulle gehoor het nie. Letterlik staan daar dat hulle nie hulle gehoor met geloof "vermeng" het nie. Dit beteken dat die blote hoor van die evangelie nie genoeg is nie. Nog minder die gewone bywoning van eredienste, Bybellees en gebede uit gewoonte. Hier word ons opgeroep om te glo wat in die Woord geskryf is en te doen wat God van ons vra.
3. God het nie op die Sewende Dag gerus omdat Hy sogenaamd "moeg" was na die skepping nie. Alles was volmaak en God was tevrede daarmee. God se rus was 'n vooruitwysing na ons ewige rus op die ewige en volmaakte aarde saam met Hom. Dit is 'n rus wat vir ons nou reeds in Jesus Christus begin deur die geloof hier op aarde, al is dit slegs gedeeltelik.
4. Weereens is hierdie "vandag" 'n dag van beslissing. Wat God vandag in sy Woord van jou vra, moet jy nou doen en nie uitstel nie. Word jy tot die besef gebring dat jy iets verkeerd gedoen het, moet jy vandag nog tot inkeer kom en regmaak met die Here.
5. Jou geloof in Jesus Christus en die feit dat jy doen wat God van jou vra.
6. Eie antwoord.
7. a. Dit is lewend.
   b. Omdat dit deur die lewende God gespreek word, is hierdie woord ook kragtig. Die Griekse woord dui krag, aktiwiteit, vitaliteit aan. Hierdie woord dra dus nie net kennis oor nie. Dit skep lewe. As dit ons werklik voluit tref, staan ons weerloos.
   c. *Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg* [12]. Die Griekse woord vir swaard word ook gebruik vir 'n slagmes of "n chirurgiese mes. Die skeiding *van* siel en gees en *van* gewrigte en murg is nie 'n skeiding *tussen* siel en gees, en gewrigte en murg nie. Dit is 'n insnyding binne-in hierdie dele self. Dit vlek oop. So word ons diepste lewensgeheim blootgelê. Wanneer God se spreke my deur sy Gees tref, is daar tot in my murg niks wat ek kan wegsteek nie.
   d. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart [v12].
   Die Griekse woord vir beoordeel is om te kritiseer. Die Woord is dus letterlik die kritikus wat ons bedoelings en gedagtes analiseer en beoordeel.
8. Vers 13 vloei voort uit vers 12 en moet lees: *En so is daar geen skepsel (mens) wat voor God verborge is nie. Alles lê nou oop en bloot voor God self.* Die woordjie *oop* beteken 'n vrug wat tot op sy pit afgeskil is of 'n soldaat wat kaalgestroop is van sy mondering. Voor God staan ons dus heeltemal kaalgestroop. Al ons maskers en fasades val weg.
   Die Griekse woord vir *bloot* is gebruik vir "'n vasgebinde offerdier wat weerloos lê met die mes teen sy keel. Hier is die gedagte: Here, ek kan nie meer nie. U was te sterk vir my. U het oorwin. So is ons totaal bloot voor God – die kenner van ons hart. Deur ons belydenis, gee ons onself oor aan God. Dit maak van my 'n vry en bly Christenmens. So tree genesing in i.p.v. verharding.

****